

19 Maart

2 Korintiërs 3:18-4:4

Mensverduistering

"Ja, Paulus, jou Evangelie is pragtig, maar hoekom glo nie almal wat jou hoor nie?" Dit is die probleem wat hier aangespreek word: Hoekom hoor sommige, maar hulle kom nie tot geloof nie?

Sekere mense beantwoord die vraag deur te sê dat dit afhang van die persoon wat die Evangelie bring. Maar dit is nie Paulus of wie se Evangelie nie - dit is die Evangelie van Jesus Christus. Hierdie boodskap van Jesus verrig wondere in mense se lewens. Dit verander 'n dowwe, vaal mensie in 'n helder lig.

Maar hoekom verander nie elkeen wat die Woord hoor in hierdie helder lig nie? Die antwoord vind mens baie duidelik in ons teks: Die god van hierdie wêreld het hulle verblind.

Die god van hierdie wêreld is die nabootser van die ware, lewende God. Dit is mos Satan wat op God se troon wil klim en maak asof dit hy is aan wie alle mag en heerlijkheid behoort.

Die Satan span alle beskikbare middele in, solank mense net nie die heerlijkheid van Jesus uitstraal nie. Hy probeer die lig van God afskerm sodat dit nie mense bereik nie. Die skerms tel hy op in die wêreld: al die versoekinge wat ons daaglik teister. Wat gebeur in my lewe? Word ek deur Jesus belig of deur die Satan verduister?

Sing: Psalm 139:12

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)